

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 15, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2015 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

'n Waarskuwing vir u!

Dit is regtig tyd om “wakker te word”! Raak baie van ons by die skakelaar “aan die slaap”? 'n Algemene gesindheid by miljoene mense is om “saam met die stroom te gaan net om in tel te wees”. Dit is dikwels makliker om saam met die stemming van die algemene publiek te gaan as om daarteen op te staan en jouself daardeur kritiek of selfs vervolging op die hals te haal. Dus swig die meeste mense voor die “aanvaar dit so en gaan saam met die stroom” benadering. Ons godsdienstige en politieke leiers vertel ons dikwels dat “alles wel is”. My vriende, dit is **nie** alles wel nie!

Net voor die Tweede Wêreldoorlog het miljoene Jode in Europa gehoop teen die hoop dat “alles wel is” en dat die Nazi-vervolging van die Joodse volk ander plekke en nie hulle stad of hulle huise sou bereik nie. Ten spyte daarvan het sowat *ses miljoen* Jode met hulle lewens geboet!

'n Onlangse artikel wat in die *Times of Israel* gepubliseer is, behoort “ons wakker te maak” indien ons nie alreeds bewus is van die gevare wat voorlê nie:

“Iran het 'n 27 meter-lange missiel gebou, wat in staat is om 'n plofkop tot 'ver anderkant Europa' te stuur en het dit op 'n lanseerblad op 'n terrein naby Teheran gemonteer, het 'n Israelse televisieverslag Woensdag berig en ook

gewys dat wat hulle sê, die eerste satellietbeelde van die vuurpyl is wat nog ooit in die Weste gesien is ... Die missiel is in staat om 'n bemande ruimtetuig of satelliet die ruimte in te neem ... Dit is ook in staat om 'n konvensionele of nie-konvensionele plofkop tot 'ver anderkant Europa' te dra”, het die verslag bygevoeg (“*Israeli TV shows 'Iranian missile' that 'can reach far beyond Europe'*”, 21 Januarie 2015).

Die geïnspireerde Woord van God waarsku die moderne volke van Britse afkoms en die Amerikaanse nasies *gereeld* oor wat in die nabye toekoms vir ons voorlê. Ons probeer ook om baie van hierdie profesieë *in detail* aan u te verduidelik in hierdie tydskrif. In die Nuwe Testament waarsku God diegene van ons wat gedurende die eindtyd sal leef – wat die “Laodicea Era” in die Bybel genoem word – om bedag te wees op die “vat dit rustig” gesindheid wat ons so algemeen rondom ons waarneem. Hy waarsku elkeen wat wil luister dat dit vir elke mens nodig is om te leer om **ywerig** aan sy Skepper gehoorsaam te wees en om God se Waarheid te “soek”. “Streef” *u* persoonlik, ywerig daarna om God se Waarheid te volg en *u deel* in God se Werk te doen aan die einde van hierdie tydperk?

Ballingskap lê voor

Baie profesieë beskryf die verwarde mense van die eindtydse "Huis van Israel" wat teruggebring sal word van die ballingskap wat God beskryf en wat teen die eindtyd oor Sy mense sal kom. God het deur Jeremia gepraat en gesê: "En Ek sal die lot van Juda en die lot van Israel verander en hulle bou soos tevore. En Ek sal hulle reinig van al hulle ongeregtheid waarmee hulle teen My gesondig het, en vergewe al hulle ongeregthede waarmee hulle teen My gesondig en teen My oortree het" (Jeremia 33:7-8). Die Almagtige God sê aan ons: "Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek. As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister" (Deuteronomium 4:29-30).

Ja, aan die "einde van die dae" sal dit vir ons nodig wees om **Hom** met ons **hele hart te soek**, soos Hy soveel kere aan ons gesê het! Is u en u gesin werklik besig *om dit te doen*?

Leer u om God se Woord te **bestudeer** sodat u dit regtig kan verstaan? Is u gewillig om "alle dinge te beproef" sodat u nie net sommer met die heersende godsdienstige idees van hierdie wêreld "saamdryf" nie, maar eerder aan uself **bewys** wat God eintlik in Sy geïnspireerde Woord sê? Leer u om uself te *dissiplineer* om te **vas** en God voortdurend te soek – om

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad**Persoonlik –****'n Waarskuwing vir u!**

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel**Aanbid u die ware Christus? 3**

Is u een van die miljoene mense wat mislei is om 'n valse Jesus te aanbid? Lees hierdie artikel om seker te maak dat u nie mislei is nie!

Wees sterk en vol moed 8**Turkye en die winde van geskiedenis 10**

Hierdie antieke nasie by die kruising van Europa en Asië voel die teenstrydige aantrekkingskragte van Islamisme en Verwestering. Wat lê voor?

Is daar 'n onvergeeflike sonde? 15

Het u iets so verskriklik gedoen dat geen vergifnis moontlik is nie? Is u bekommerd oor 'n geliefde wat onbekeerd gesterf het? U Bybel bied hoop!

Môre se Jeug 19

Mentors maak baie saak

Die wonder van lewe in die baarmoeder 21**Gereeld****Vrae en Antwoorde 23****Profesie neem gestalte aan 24**

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre**Hoofredakteur**

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekkantore**VERENIGDE STATE:**

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Aanbid u die ware Christus?

Deur Roderick C. Meredith

Om 'n valse god te aanbid is 'n ernstige sonde (Exodus 20:3-5). Die apostel Paulus skryf: "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23). U antwoord op die opskrif-vraag van hierdie artikel is dus regtig 'n saak van lewe of dood! Lees hierdie artikel en handel dan volgens die waarheid!

Luister! Dit mag u skok. Wat miljoene belydende "Christene" nie beseft nie, is dat hulle gelei is om in 'n valse Christus en 'n valse god te glo. Soos die Almagtige God die apostel Johannes geïnspireer het om ons aangaande die eindtyd te vertel: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9). Satan die duiwel word direk uitgebeeld as die "god" van hierdie huidige wêreld, hierdie huidige beskawing. Is u deel van die huidige samelewing en 'n aktiewe deelnemer aan hierdie wêreld se godsdienste? Is u bereid om te erken dat u dalk **mislei** kon gewees het deur die "groot bedrieër" van die hele mensdom?

Onthou dat God die apostel Paulus geïnspireer het om ons te waarsku: "Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval" (2 Korinthiërs 11:4)! Later ook: "Want sulke mense is valse

apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke" (verse 13-15).

In daardie gedeelte waarsku die ware God van die Bybel ons dat "valse" leraars die vermoë het om hulleself in iemand soos die Apostels van Christus te "verander". Op die oog af "lyk hulle goed". Hulle boodskap bring egter uiteindelik die **dood** in die poel van vuur mee! Hierdie geïnspireerde boodskap wys ons ook daarop dat Satan "sy leraars" het wat mense mislei, maar wie se "einde sal wees volgens hulle werke". Dit is nogtans hierdie leraars wat verkondig dat almal onder die "genade" is en dat daar *geen nodigheid* vir werke van enige aard is nie! Hierdie leraars verkondig 'n "ander Jesus" as wat die Bybel duidelik in die geïnspireerde Woord van God geïdentifiseer het.

Sal u aanvaar wat die Bybel regtig sê?

Die meeste mense bly in

gebreke om te beseft dat die wêreld se feeste van "Kersfees" en "Paasfees" Jesus Christus en Sy leerstellings op 'n *heeltemal ander manier* uitbeeld as wat die Bybel dit doen. Wanneer die wêreld se feeste nie hulle aandag toespits op die sprokies van Kersvader en die paashasie nie, beeld hulle Christus dikwels uit as 'n hulpelose klein "kindjie in 'n krip" en as 'n tingerige en selfs verwyfde "hippie"-figuur wat na Sy kruisiging gelei word. Ja, daar is dalk aan ons vertel van 'n wonderbaarlike maagdelike geboorte en 'n verheerlikte opstanding. Die belangrikste "temas" wat dan in die denke van aanbidders ingeprent word – ongetwyfeld as kinders, maar selfs tot by volwassenheid – kom dikwels neer op weinig meer as geskenke uitruil, partytjies hou, vroeg opstaan vir "sonsopkomsdienste" en om die "Paashaas" se eiers te soek. By 'n groot deel van die belydende Christendom word daar feitlik **geen** klem gelê op die Ou Testament, die voorafbestaan van Christus, Sy lewe as 'n jong *Jood* wat in Judaïsme opgevoed was, of **enige** verwysing wat daarop dui dat Christus die "God van die Ou Testament" was lank *voordat* Hy in die menslike vlees gekom het nie.

Indien *u* persoonlik bereid is om dit aan uself te **bewys**, sal u maklik kan bevestig dat die “kleine heer Jesus” van die hoofstroom Christendom **nie** die ware Jesus Christus is wat in die Bybel beskryf word nie. Intendeel, *hierdie* Jesus is 'n produk van die verbeelding van die swart-geklede priesters van die Middeleeue. Die “hoofstroom” Jesus van wie die meeste mense hoor, is inderdaad 'n “ander Jesus” teen wie Paulus waarsku. Dit my vriende, is die rede *waarom* die Jesus Christus van die Bybel uitdruklik gewaarsku het: “Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!” (Mattheüs 7:22-23)!

Dink!

Die gebruik van al die heidense simboliek wat veronderstel is om ons te help om Christus te aanbid, slaag daarin om die **ware oorsprong** en doel van die *ware Jesus Christus* van die Bybel en die werklike betekenis van Sy boodskap, die *ware Evangelie*, te verberg. Indien ons dus opreg in die **Waarheid** belangstel, laat ons dit eerlik “ondersoek” deur te **bestudeer** wat die *Bybel regtig* oor Christus se oorsprong sê en **waarom** Hy in hierdie wêreld ingekom het. Wat *is* dus die “Waarheid”? Jesus het self gesê: “Heilig hulle in u waarheid. U woord is die waarheid” (Jo-

hannes 17:17).

Die Woord het van ewigheid af bestaan!

U Bybel sê duidelik dat die “Persoonlikheid” wat Jesus van Nasaret geword het, van **ewigheid af saam met die Vader was!** Bestudeer asseblief die geïnspireerde verse hieroor in *u eie Bybel!* Lees eerstens Johannes 1:1-3: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie”. Dus was die “Woord” – die Een wat duidelik beskryf word as die Christus voor Sy menslike geboorte – die Een deur wie God “alle dinge” geskape het. Hy was die “lig” wat God die wêreld ingestuur het. “Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense [die Joodse volk] het Hom nie aangeneem nie” (verse 10-11).

Later: “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid” (vers 14). Uit hierdie en **talle** ander verwysings in die Nuwe Testament, is dit duidelik dat Jesus Christus *van die begin af saam met die Vader van ewigheid af bestaan* het. In die Ou Testament word God baie keer die “Rots” genoem. Wie

was daardie God, daardie “Rots” van Israel? Hy was die Een wat met Adam en Eva in die tuin van Eden gepraat het, wat met Abraham, Isak en Jakob gepraat het en later die Tien Gebooe en baie ander opdragte deur Sy profeet Moses uitgespreek het. *Wie was Hy?*

Let op hoe die Bybel dit baie duidelik maak! Onder inspirasie sê die apostel Paulus: “Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus” (1 Korinthiërs 10:1-4). Later word aan ons gesê ons moet “Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekome” (vers 9).

Moenie deur duiwels mislei word nie!

Die Een wat Jesus Christus geword het, was dus die Een wat Moses en die volk van antieke Israel gelei het. Hy was die een wat destyds deur hulle beproef of “uitgedaag” is toe hulle “deur die slange omgekome het” (vers 9). Dit was *hulle* wat dikwels deur Satan mislei is tot verskeie *afgodspraktyke*. Daarom waarsku die apostel Paulus Christene vandag: “... vlug vir die afgodediens” (vers 14). Later, in dieselfde gedeelte, sê Paulus

onder inspirasie aan ons: “Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie” (verse 20-21).

Geagte Lesers, dit is nie “polities korrek” om aan ons moderne wêreld bekend te maak dat hulle geliefkoosde godsdienstige gebruike moontlik **duiwelsaanbidding** mag insluit nie. U Bybel waarsku ons nogtans duidelik en herhaaldelik! Onthou, die “Rots” van Israel was die Een wat met die profete van die ou tyd gepraat het en Hy was die Een wat die *Tien Gebooie persoonlik uitgespreek* het, wat direk die ware Sabbat beskryf, die **“sewende dag** van die Here jou God” en herhaaldelik beklemtoon het dat Sy ware dienaars moet leer om die Tien Gebooie *lief* te hê en te *gehoorsaam*. Koning Dawid, die “man na God se hart”, is geïnspireer om te sê: “Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag. U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig” (Psalm 119:97-98).

Hierdie “Rots” van Israel is die Een wat antieke Israel uit Egipte verlos het, wat die Rooi See deur 'n ongelooflike **wonderwerk** geskei het! Hy is die Een wat skrikwekkende **plae** oor die Egiptenaars gestuur het om hulle gewillig te maak om

Israel te laat gaan. Indien u dit verstaan, is Hy *dieselfde Een* wat binnekort soortgelyke plae oor 'n rebelse wêreld sal bring, wat *so mislei is* dat hulle direk **teen Christus sal veg** wanneer Hy terugkeer na hierdie aarde as Koning van die konings! (Openbaring 17:14). Deur Sy “twee getuies” is **Hy** die Een wat aan hierdie twee geïnspireerde manne “... die mag [sal gee] om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie; en hulle het mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plae so dikwels as hulle wil” (Openbaring 11:6).

Die *ware* Christus van die Bybel is nie 'n hulpelose “klein Here Jesus” wat toevallig in 'n stal gebore is nie. Hy is nie 'n swak, onmanlike, hulpelose jong Jood wat teen die Romeine 'n nederlaag gelei het nie. Hy is **magtig** en soos die Bybel dit duidelik maak: “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8). Indien u dus die groot Persoonlikheid *werklik wil verstaan*, Hy wat die ware Jesus Christus geword het en wat weer sal kom as Koning van die konings, behoort u die hele Bybel te *bestudeer* en te **glo**, van Genesis tot Openbaring. Onthou, Jesus het voortdurend na die Ou Testament as “die Skrif” verwys. Terwyl dit die *enigste* Skrif is wat geskryf was, het Jesus beveel: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Ons behoort dus te leef volgens **elke woord** van die geïnspi-

reerde Bybel en nie net volgens wat ons die Nuwe Testament noem en wat uit verband geruk word en afgesonder word van die Ou Testament, waarvan dit slegs 'n vervulling is, nie!

Die God van Israel was NIE die Vader nie!

Die Nuwe Testament maak dit baie duidelik: “Niemand het God ooit aanskou nie” (1 Johannes 4:12). In die beskrywing van die tyd toe God die Tien Gebooie gegee het, sê Hy nogtans aan ons: “Daarop het Moses opgeklim met Aäron, Nadab en Abihu en sewentig van die oudstes van Israel. En hulle het die God van Israel gesien, en onder sy voete net soos 'n vloerwerk van saffierstene en so helder soos die hemel self. Maar Hy het sy hand nie na die uitgesoektes van die kinders van Israel uitgestrek nie, en hulle het God aanskou, daarop het hulle geëet en gedrink” (Exodus 24:9-11). Hierdie baie Bybelse gedeelte wys duidelik daarop dat hierdie oudstes die God van Israel “gesien” het en “hulle het God aanskou, daarop het hulle geëet en gedrink” (vers 11).

Weerspreek die Bybel *homself*? **Nee!** Jesus Christus het verduidelik dat “die Skrif nie gebreek kan word nie” (Johannes 10:35).

Die antwoord? Die ooglopende antwoord vir diegene wat bereid is om te verstaan, is dat **niemand** nog ooit die “Vader” gesien het nie. By 'n hele paar geleenthede het Moses en andere *wel* die “God van Israel” *gesien*, die Een wat Jesus

Christus geword het toe Hy in die vlees gekom het, bietjie meer as 2,000 jaar gelede. Hy is die Een wat deur die Vader gebruik is om waarlik die hemel en die aarde **te skep**. Hy is die Een wat die Tien Gebooie gegee het en met Moses en die oudstes van Israel en andere “gespreek” het. Hy is die Een wat Homself later ontledig het (Filippense 2:7) en 'n mens geword het sodat Hy as betaling vir ons sondes **kon sterf**. Daarna **is Hy** die Een wat opgewek is en nou aan die regterhand van God in die hemel sit – ons toekomstige Koning en Regter.

Hierdie is die *ware* Jesus Christus van die Bybel. Hy behoort **aanbid** te word. *Hy* is die Een wat ons sal oordeel en die Een wat in die opstanding aan ons lewe sal gee: “Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil. Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie” (Johannes 5:21-23).

Daardie ware Christus wie se offer ons sondes weg was, sê ook herhaaldelik aan ons om die Gebooie van God te **gehoorsaam** – nie om aan hulle ongehoorsaam te wees nie! Wanneer 'n jong man die weg na die ewige lewe gevra het, antwoord Jesus: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie” (Mattheüs 19:17). Nadat die jong man gevra het: “Watter?”

het Jesus begin om sommige van die Tien Gebooie **op te noem**. Vroeër in die bergpredikasie het Jesus beveel: “Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele” (Mattheüs 5:19).

Wetteloosheid is nie Christus se manier van doen nie!

Ons word dus deur **Christus Self** beveel om nie eers een van die “minste” van God se Gebooie te “breek” nie. Dit is **waarom Jesus** die **waarskuwing** wat vroeër aangehaal is, teen die einde van die Bergpredikasie, aan diegene rig wat *dink* hulle leer die Waarheid aan andere of dat hulle in Jesus se naam preek: “Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!” (Mattheüs 7:23).

Jesus het definitief **nie** van verkeerswette gepraat nie. Indien ons eerlik wil wees, het Hy vanselfsprekend van die Tien Gebooie gepraat, die grondliggende **Wet** wat nog altyd deel van die leerstellings van die “God van Israel” was, wat **nou** Jesus Christus, onse Here is!

Sommige mense sal egter sê: “Behoort ons nie net 'liefde' te hê in plaas van 'n ou wet nie?” Ons behoort dus navraag te doen oor die *Bybel se definisie* van watter soort “liefde” God vereis. Hier is die Bybel se antwoord: “Want dit is die liefde

tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaarnie” (1 Johannes 5:3).

Deur noukeurig al die verwante Skrifgedeeltes te *lees* en te **bestudeer**, kom ons tot die begrip dat daar 'n *basiese eenheid* is in die **manier** waarop God bedoel het mense behoort te leef, selfs van die begin af. Soos die Bybel sê: “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8).

Al die pad vanaf die “Vader van die gelowiges”, die aartsvader Abraham, tot aan die **heel** einde van die boek Openbaring, word die basiese *lewenswyse*, soos God dit bedoel, duidelik openbaar. Die Bybel openbaar dat ons vader Abraham geseën was “omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het” (Genesis 26:5). Soos ons gesien het, het Jesus Christus Self gereeld gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie verkondig (Lukas 16:17-18). Selfs die apostel Paulus – van wie sommige mense in hulle wildste verbeelding gedink het dat hy met God se Gebooie “weggedoen” het – stel dit duidelik: “Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God” is wat **saak maak** (1 Korinthiërs 7:19). *Hoe duidelik!*

Die wet van vryheid

Jesus se eie fisiese broer, die apostel Jakobus, stel dit uitdruklik: “Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig

struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword" (Jakobus 2:10-11). Jakobus het duidelik aangedui dat die "Wet" waarvan hy praat, met diegene wat "egbreuk pleeg" of wat "moord pleeg" te doen het. Hy sluit af: "Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word" (vers 12).

Jakobus het dus God se Tien Gebooie as die "Wet van vryheid" gedefinieer. **Indien** dit gehoorsaam word, sal hierdie Wet werklik die ganse mensdom "bevry" van die teistering van oorlog, van moord, gebroke huise en verwarde kinders, om deur u naaste of deur u handelaars "bedrieg te word" en van **talle** ander "plae" wat ons moderne samelewing teister, 'n samelewing wat **weier** om die geestelike Wet van ons Skepper te gehoorsaam! **Waarom?** Weereens, omdat hulle werklik deur Satan die duiwel **mislei** word om te dink dat God Self op een of ander manier met Sy eie *basiese geestelike Wet* "weggedoen" het!

In 'n waarskuwing aan ons almal **om nie** deur verwarde geestelike leiers mislei te word nie, sê Jesus: "Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word. Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val" (Mattheüs 15:13-14).

Jesus se geliefde apostel Johannes, stel dit uitdruklik: "En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie" (1 Johannes 2:3-4). 'n Persoon mag "weet" van God, maar **niemand** kan God eintlik "ken" of werklik verstaan en met God "wandel" nie, **tensy** hy *Sy Gebooie bewaar!* Hy moet Christus toelaat om in hom te leef (Galasiërs 2:20) en moet letterlik God se konstante opdrag om dit te doen, **gehoorsaam**. 'n Ware Christen sal bewus raak van die ware aard en karakter van God, omdat hy *die ware lewe van God* deur die Heilige Gees *in hom* sal *ervaar* namate hy "met God wandel" deur die krag van God se Gees.

Johannes maak dit voortdurend duidelik van *watter Gebooie* hy praat. Met "God" as die voorafgaande, sê Johannes: "... en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom" (1 Johannes 3:22).

Ten slotte, Johannes is geïnspireer om aan die **einde** van die hele Bybel aan ons te sê: "Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad" (Openbaring 22:14).

Christus die Openbaarmaker!

Die ware Christus van die Bybel is die Een wat God die Vader "openbaar". "Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en

niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar" (Mattheüs 11:27). Ons behoort die feit te erken dat Jesus Christus die Een is *deur wie* God die hemel en die aarde geskape het, die Een wat *u geskape het* en lewe en asem gegee het, die Een wat Homself geopenbaar het en met Abraham, Isak en Jakob, Moses en baie ander profete gepraat het. *Hy* is die Een wat in werklikheid die Tien Gebooie gegee het. Daarna het Hy in die menslike vlees gekom en die Tien Gebooie "groot en heerlik gemaak" en aan ons gewys hoe om dit in die "gees" te onderhou, nie net in die letter nie – hoewel die Bybel dit *baie duidelik* maak dat dit **nie** "wegdoen" met die onderhouding van die letter van die Wet nie! Hierdie Jesus Christus het geopenbaar dat gehoorsaamheid aan God se Wet 'n hele *lewenswyse* is, waarop God se wonderlike plan vir die mensdom gesentreer is.

Hierdie Jesus Christus het in Israel grootgeword en het as jong Jood altyd die *sewendag-Sabbat onderhou*, "soos Hy gewoon was" (Lukas 4:16). Weereens, Hy het God **nie** gehoorsaam net omdat Hy 'n Jood was nie, maar omdat Hy gekom het om die "Vader te openbaar" en aan ons 'n **voorbeeld** te stel sodat ons in Sy voetstappe kan volg (1 Petrus 2:21).

'n Wonderbaarlike beloning vir Sy ware volgelinge!

Wanneer ons in die lug
Vervolg op bladsy 26

Wees sterk en vol moed

Deur Winston Gosse

Op 6 Desember 1917 het 'n massiewe ontploffing in die hawe van Halifax, Nova Scotia plaasgevind. Die Franse vragskip *SS Mont-Blanc*, wat met 'n 2,400 ton hoogs plofbare oorlogsvrag gelaai was, het presies om 9:04 vm. teen die Noorse skip *SS Imo* gebots. Binne twintig minute het 'n vuur die plofstof op die *Mont-Blanc* laat ontvlam en dit het tot 'n ramp gelei wat ontsettende skade, beserings en lewensverlies tot gevolg gehad het.

Ongeveer 2,000 mense is op slag dood weens strukture wat ineengestort het, vallende puin en vlamme. Nog ongeveer 9,000 is beseer. Binne 'n radius van 800 meter is byna elke struktuur in die pad van die ontploffing vernietig. 'n Tsoenami wat op die ontploffing gevolg het, het die land getref en 'n nedersetting van die Mi'kmaq, 'n inheemse Kanadese stam, uitgewis (CBC.CA, "The Halifax Explosion", 2015).

Die aangrensende gemeenskappe van Dartmouth en Richmond is ook tot 'n groot mate geraak. Baie mense het destyds gedink dat die ontploffing die gevolg van 'n Duitse U-boot aanval was. Die ontploffing, wat na raming (in 2014-Kanadese dollar) \$545 miljoen se skade veroorsaak het, staan in die geskiedenis bekend as die grootste mensgemaakte ontploffing voor die ontwikkeling van kernwapens.

Baie is al oor hierdie ramp geskryf, met inbegrip van die roman *Barometer Rising*, deur

die Kanadese skrywer Hugh MacLennan. Daar is baie verhale van individue wat dit oorleef het, soos dié een van Eric Davidson wat twee-en-'n-half jaar oud was en met sy speelgoed naby 'n venster gespeel het toe die glas voor hom versplinter en hom lewenslank blind gemaak het.

Soos so dikwels die geval tydens ramp-scenario's is, het individue wat heldhaftige daade van moed en onselfsugtigheid in gevaarlike situasies verrig het, uitgestaan. Dit was ook die geval daardie Desember-oggend in Halifax, toe Vince Coleman, 'n spoorwegseiner, wat minder as 'n kilometer van die ontploffing af gewerk het, uitgevind het wat die *Mont-Blanc* dra. Hulle het die brandende skip net voor die ontploffing gesien en hy en sy mede-werker het besluit om te hardloop omdat hulle geweet het dat dit 'n lewensgevaarlike situasie is. Hy het nogtans onthou dat 'n inkomende passasierstrein met ongeveer 300 passasiers daarop, slegs minute weg is van die spoorwegwerf af. Coleman het omgedraai en 'n dringende Morsekode-boodskap gestuur, wat die lewens van die passasiers gered het.

Daar is verskeie weergawes van die boodskap wat gestuur is. Die Maritieme Atlantiese Museum berig hierdie ysingwekkende weergawe:

"Hou trein terug. Ammunisie-skip brand in hawe en is op pad na Seehoof 6 en gaan ontplof. Dink dis my laaste boodskap. Vaarwel my vriende". (*Mari-*

timeMuseum. NovaScotia.CA, "Vincent Coleman and the Halifax Explosion", 2015).

Coleman het in die versendingskantoor gebly en voortgegaan om verskeie bykomende boodskappe te stuur. Coleman het in die massiewe ontploffing gesterf, maar die heldhaftigheid, dapperheid en onselfsugtigheid wat hy daardie dag in die aangesig van dreigende gevaar aan die dag gelê het, was verantwoordelik daarvoor dat alle inkomende treine na Halifax met skreeuende remme tot stilstand gekom het.

Wat is moed?

Daar is al gesê: "**Moed is nie die afwesigheid van vrees nie, maar eerder die besluit dat iets anders belangriker as vrees is**". Die gemiddelde persoon sal waarskynlik nie in sulke dramatiese omstandighede beland, wat so 'n manhaftige reaksie sal verg as mnr. Coleman s'n nie, maar dit beteken nie dat moed nie deel is van die daaglikse lewe van 'n Godvresende individu nie. Die apostel Paulus het Timótheüs ingelig dat een kenmerk van die gevaarlike eindtye sal wees: "... mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan [God se krag] verloën" (2 Timótheüs 3:1, 5). Om aan God gehoorsaam te wees in hierdie wêreld verg moed. Om God te vertrou ten spyte van die druk om te kompromitteer, verg moed. Om tot bekering te kom en daarmee vol te hou, verg moed.

Bybelse voorbeelde van moed

In die Bybel is baie voorbeelde van moed opgeteken om aan God gehoorsaam te bly ten spyte van die omliggende druk om anders op te tree. Een so 'n geval is in die eerste hoofstuk van Josua opgeteken, waar Josua na Moses se dood die verantwoordelikheid van leierskap oorgeneem het om die Israeliete die Beloofde Land in te lei. God het Josua drie keer bemoedig deur die woord "moed" te gebruik – **moed** om Sy opdrag uit te voer en Sy Wette te gehoorsaam:

"Niemand sal voor jou standhou al die dae van jou lewe nie; soos Ek met Moses gewees het, sal Ek met jou wees; Ek sal jou nie begewe en **jou** nie verlaat nie. Wees sterk en vol moed; want jy sal hierdie volk die land laat erwe wat Ek hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee. Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan. Hierdie wetboek mag nie uit jou mond

wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel. Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die HERE jou God is met jou, oral waar jy heen-gaan" (Josua 1:5-9).

Hierdie kragtige woorde van God aan Josua is tydlose instruksies en is in die 21ste eeu nog net so toepaslik soos destyds.

In die Nuwe Testament beskryf Hebreërs 11 en 12 dapper mans en vrouens, mense van God deur die eeue heen, na wie verwys word as 'n "wolk van getuies" (Hebreërs 12:1) wat vir ons die pas aangee. Hulle het verby hulle onmiddellike omstandighede van lyding en gevaar gekyk en het erken dat God hulle uit hierdie wêreld uitgeroep het om deel van iets groter as hulle self te wees, om Sy wil te doen. Dit het moed geverg!

Moed om tot die einde te volhard

Dit sal moed verg om vol te hou om die wonderlike nuus van God se Koninkryk op aarde te verkondig en terselfdertyd

mense te waarsku om te verander en hulle in opregte berou tot God te wend. In die komende maande en jare sal diegene wat deur God geroep is om hierdie Werk te ondersteun en daarvoor te bid, moed nodig hê. Om terselfdertyd 'n lewe in ooreenstemming met God en Sy Wette te leef, sal ook moed verg.

Soos die apostel Paulus sê: "Waak, staan in die geloof, wees manlik, wees sterk" (1 Korinthiërs 16:13).

Kanadese en inderdaad al die moderne nasies wat van antieke Israel afstam, sal in die nabye toekoms beproewings ondervind wat baie erger sal wees en 'n groter impak sal hê as die geskiedkundige Halifax-ontploffing van 1917. Dit sal nodig wees dat ons die moed van Vince Coleman aan die dag sal lê, wat op sy dag tot op die einde 'n onbaatsugtige werk verrig het en so honderde mense van uiterste verwoesting gered het.

As gevolg van individue wat in ons huidige tyd ook ná aan God sal wees, wat dapper sal wees, manmoedig, sterk sal staan, wat sal volhard, wat 'n voorbeeld sal stel en wat hierdie Werk van die Almagtige God sal ondersteun en doen, sal God die wêreld van "totale uitwissing" red (Mattheüs 24:14, 21-22).

Sal u een van hulle wees? Sal u "sterk en vol moed wees"?

WvM

Turkye en die winde van geskiedenis

Deur Dexter B. Wakefield

Hierdie antieke nasie by die kruising van Europa en Asië voel die teenstrydige aantrekkingskragte van Islamisme en Verwestering. Wat lê voor?

Die verlede is altyd deel van die hede en dit is baie duidelik waar te neem in die moderne nasie van Turkye (gespel "Türkiye" in Turks). In die vorige eeu was Turkye 'n belangrike, maar nie 'n dominante rolspeler op die wêreldverhoog nie maar hy ontluik tans as 'n vername rolspeler in die sake van Europa, die VS en die Midde-Ooste. Ek het onlangs deur Turkye gereis en het 'n moderne wêreldstaat met 'n kulturele Moslem-bevolking gesien. Die nasie is besig om te moderniseer en ekonomies te groei, maar bly steeds bewus van sy baie antieke geskiedenis.

Turkye mag deur 'n *geskiedkundige sosiale en politieke aanpassing gaan* en om sy toekoms in oënskou te neem, behoort 'n mens iets van sy verlede te verstaan. Vir die afgelope halwe eeu, was Turkye meer Westers as Midde-Oosters gesind, *maar dit mag besig wees om te verander.*

Geografie maak saak!

Geskiedkundig was Turkye op die kruispad tussen Europa en Asië. Die Turkse Seestrategie (wat uit die Bosporus, Dardanelles en See van Marmara bestaan) skei Klein-Asië van Europa en Turkye het werklikwaar ook 'n klein grondgebied aan die Europese

kant. Op die smalste punt is die Turkse Straat slegs 1,200 meter breed. Die pragtige en invloedryke stad Istanbul (voorheen Konstantinopel), kyk uit oor hierdie smal en baie belangrike seeweg. Indien 'n mens die Midde-Ooste uit Europa aanval, soos die Grieke gedoen het, of as 'n mens Europa uit die Midde-Ooste binneval, soos die Perse en Turke gedoen het, moet 'n mens hierdie kritieke punt kruis.

Antieke geskiedenis

Die streek van Moderne Turkye (in antieke tye bekend as Anatolië) het duisende jare se geskiedenis, met koninkryke wat gekom en gegaan het. Baie mense is vandag vertrou met die groot legendes wat verband hou met die ou stad van Troje, wat strategies aan die Turkse Seestrategie geleë was. Daardie legendes sluit die Trojaanse Perd en groot krygers soos Achilles, Hektor en Odysseus in. Die ruïnes van Troje wat uitgegrawe is, kan vandag besigtig word.

Die Perse het hierdie gebied in die 5de en 6de eeue v.C. verower. In 334 v.C. het Alexander die Grote en sy Griekse leer die gebied suksesvol van die Europese kant af binnegeval en blywende invloed van die Griekse kultuur na die streek

gebring. Later, tydens Romeinse heerskappy, word verskeie stede in die gebied pertinent in Paulus se briewe in die Bybel genoem, aangesien Christengemeentes daar gestig is.

Bybelse tye

Gedurende Bybelse tye was Galásië 'n streek in sentraal Turkye en die apostel Paulus het 'n brief wat ons in die Bybel die boek van Galasiërs noem, aan hulle geskryf. Die boek van Handelingte maak melding van die Galilése stede van Listre, Ikónium, Derbe en ander. Sommige ander Anatotiese stede wat in Handelingte vermeld word, is Pisídië, Pamfilië, Perge, Attálië en Troas. Ons lees in Openbaring van Éfese, Smirna, Pérgamus, Thiatíre, Sardis, Filadelfia en Laodicéa, waarvan die argeologiese terreine almal deesdae aan die weste van Turkye besoek kan word.

Die boek Efesiërs is 'n brief wat aan die Kerk van God in die stad Éfese geskryf is en nou 'n deel van moderne Turkye is. Daar het Paulus 'n oproer veroorsaak, deurdat hy verkondig het dat afgode nie ware gode is nie. Die boek Handelingte gee 'n weergawe van die voorval.

“En omtrent hierdie tyd het daar geen klein opskudding met betrekking tot die Weg ontstaan nie. Want iemand met die naam van Demétrius, 'n silwersmid, maker van silwertempeltjies van Diana, het 'n aansienlike verdienste aan die ambagsmanne verskaf. En toe hy hulle en die werkers in daardie soort bedrywe bymekaargeroep het, sê hy: Manne, julle weet dat ons welvaart uit hierdie verdienste is, en julle sien en hoor dat nie alleen in Éfese nie, maar byna in die hele Asië, hierdie Paulus 'n aansienlike skare oorgehaal en afvallig gemaak het deur te sê dat dit geen gode is wat met hande gemaak word nie. Nou is daar nie alleen gevaar dat hierdie vak van ons in veragting kom nie, maar ook dat die tempel van die groot godin Diana as niks gereken word, en dat haar majesteit wat die hele Asië, ja, die wêreld, vereer, ook tot niet sal gaan. En toe hulle dit hoor, is hulle met woede vervul en het geskreeu en gesê: Groot is die Diana van die Efésiërs! Daarop raak die hele stad heeltemal in verwarring, en hulle storm soos een man na

die skouburg en sleep Gajus en Aristárchus saam, Macedóniërs wat reisgenote van Paulus was. En toe Paulus onder die volk wou ingaan, het die dissipels hom dit nie toegelaat nie” (Handelinge 19:23-30).

Die terrein waar hierdie voorval plaasgevind het kan vandag in Turkye besoek word in die opgrawings van die ruïnes van die antieke stad Éfese. Die werklike amfiteater waar dit plaasgevind het is uitgegrawe en gedeeltelik herstel. Daar was net een so 'n amfiteater in die stad. 'n Mens kan in die middel daarvan staan en maklik dink hoe die oproer moes gewees het toe die skare almal saam vir hulle heidense godin, Diana, geskreeu het.

“En sommige van die owerstes van Asië wat sy vriende was, het ook na hom gestuur en hom gesmeek dat hy hom nie in die skouburg moes begeef nie. Hulle het dan aangehou skreeu, sommige dit en ander dat; want die vergadering was in die war, en die meeste het nie geweet waarvoor hulle bymekaargekom het nie. En hulle het Alexander uit die skare vorentoe laat kom, omdat die Jode hom vorentoe gestoot het; en Alexander het met die

hand gewink en wou hom by die volk verdedig. Maar toe hulle verstaan dat hy 'n Jood is, gaan daar een groep van almal op terwyl hulle **omtrent twee uur lank** skreeu: Groot is die Diana van die Efésiërs!” (Handelinge 19:31-34).

Die streek waaruit moderne Turkye bestaan is ryk aan Bybelse geskiedenis en baie van die plekke is deur argeoloë opgegrawe en kan vandag besoek word.

Die Moslem Ryk in Europa

Turkye is sedert 1923 amptelik 'n wêreldstaat en terwyl die oorgrote meerderheid van sy burgers Sunni Moslems is, is baie van hulle nie baie aktief in hulle geloof nie. Baie Turkse vroue dra byvoorbeeld nie kopdoeke nie en word nie dikwels met die *burka*, die swart oorrok, gesien nie.

Onder die wêreld se godsdienste is Islam 'n relatief onlangse aankomeling. Mohammed, wat deur die Moslems as die laaste profeet beskou word, is ongeveer 570 n.C. gebore en het persoonlik die Islamitiese geloof na die Arabiese Skiereiland gebring. Na sy dood in 632 n.C. is Islam hoofsaaklik deur militêre veldtogte in die Midde-Ooste versprei, met inbegrip van vandag se moderne Turkye. Dit het ook vanaf Indië regdeur tot in Noord-Afrika gestrek. Omdat dit deur 'n Kalief regeer is, was dit bekend as die *Kalifaat*. In 711 n.C. het 'n

Moslem-leër die Straat van Gibraltar van Afrika af oorgesteek tot in Spanje en Islam se verowering van Wes-Europa het begin. Dit sluit die verowering van Sicilië en die suide van Italië in. In 732 n.C., in wat nou die moderne Frankryk is, is die Moslem-leër onder leiding van Abd al-Rahman deur Charles Martel en sy Frankiese (vroeë Franse) weermag tydens die vername Slag van Tours verslaan. Slegs Martel se troepe het tussen al-Rahman en Parys gestaan. Hierdie veldslag was 'n groot keerpunt in die Europese geskiedenis, want daarmee begin die *Reconquista*, of herowering van Katolieke Europa van die Moslems, 'n lang en moeisame poging, met baie terugslae. In 846 n.C. is 'n deel van Rome deur 'n Moslem-leër verwoes en die skatte van die ou St. Peter Katedraal is geplunder. Die laaste Moslem-vesting in Spanje is verslaan toe Granada in 1492 geval het.

Die Ottomaanse Turke

Gedurende die laat 1200's n.C. het die Turke een van die wêreld se groot imperiale ryke gestig. Eerstens het agtereenvolgende dinastieë Anatolië (die gebied van moderne Turkye) verenig en daarna die ryk deur militêre verowering uitgebrei om groot dele van Wes-Asië, Suidoos-Europa en Noord-Afrika in te sluit. Die regering van Suleiman die Manjifieke (1520-1566) het die Ottomaanse Turkse Ryk na sy hoogtepunt gevoer. Dit was geskiedkundig een van die wêreld se blywend-

ste ryke wat *meer as ses eeue* lank, tot met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, bestaan het.

Die oorspronklike woning van die sultans was vir ongeveer 400 jaar lank die *Topkapi Paleis* ("Kanonhek Paleis"). Die groot, luukse kompleks is aan die Europese kant van die Bosporus geleë en huisves nou 'n museum wat baie waardevolle juweliersware wat eens aan die sultans behoort het bevat. Ek het tydens 'n onlangse reis aan Istanbul die paleis besoek. Ons Turkse gids het verduidelik dat terwyl 'n sultan dalk baie vroue en byvroue gehad het wat in aansienlike luuksheid gewoon het, daar heftige wedywing tussen hulle was. Die sultan het sy opvolger uit sy seuns gekies en hewige intriges tussen sy vroue, selfs moord, was algemeen in die paleis.

Die Turkse Kalifaat

Die Ottomaanse Turkse sultans het Islam vir eeue lank oorheers en aanspraak gemaak op die titel van Kalief met Mehmed II as sy eerste sultan ná sy verowering van Konstantinopel in 1453. Mehmed II was die sultan wat met die konstruksie van die Topkapi Paleis begin het. Islam is deur die *Reconquista* uit Wes-Europa gedwing, maar die Ottomaanse Turke het met behulp van hulle militêre mag na **Oos-Europa** begin uitbrei.

In die 1500's het die Turkse magte alle weerstand in Oos-Europa uitgewis en dit in die naam van Islam gedoen. Daar

was soms terugslae, maar die sultans het 'n *heilige oorlog* teen die Heilige Romeinse Ryk, met sy hoofkwartier in Wenen, Oostenryk gevoer. In 1521 het Suleiman die Manjifieke, Belgrado verower en Koning Louis II van Hongarye om die lewe gebring. Daarna het hy Wene aangeval, maar is gedwing om tydelik te onttrek. Tydens sy hoogtepunt het die Turkse Ryk groot dele van Oos-Europa besit, met inbegrip van die hedendaagse moderne Roemenië, Bulgarye, die voormalige Jugoslawia, Albanië, Griekeland, dele van Rusland en groot dele van Oostenryk-Hongarye. Diepe wrewel teenoor daardie langdurige Moslem verowering is steeds aanwesig in dele van Oos-Europa. Nadat die Turke in 1663 die Derde Slag van Wene verloor het, het hulle langsame agteruitgang van mag en die einde van byna 'n duisend jaar se "heilige oorloë" teen Wes- en Oos-Europa begin. Die gevaar van hierdie oorloë is diep afgeëts in die geskiedkundige geheue van Katolieke Europa.

Die agteruitgang en val van die Turkse Ryk

Gedurende die vroeë 1900's was Imperiale Turkye egter op pad na ondergang. Vanaf 1913 tot 1918 het 'n hervormingsgroep, genaamd die *Jong Turke*, absolute beheer oor die Ottomaanse Ryk uitgeoefen. Hulle het die Ottomaans-Duitse Alliansie onderteken, *met die gevolg dat die Ottomaanse Ryk die Eerste Wêreldoorlog aan die kant van die Duitse- en Sentrale*

magte betree het. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog was hierdie leierskap vir die Armeense volksmoord wat tot die dood van meer as 'n miljoen etniese Armeniërs gelei het, verantwoordelik.

Nadat die Sentrale Magte in die Eerste Wêreldoorlog verslaan is, het die Ottomaanse Ryk ineengestort en die Geallieerdes wat Brittanje, Frankryk en die VS insluit, het so meer as 600 jaar van die imperiale Turkse Ryk beëindig. In 1916, gedurende die Eerste Wêreldoorlog, het die Sykes-Picot Ooreenkoms die Ottomaanse Ryk so opgedeel met die verwagting dat dit 'n geallieerde oorwinning en Brits/Franse administrasie van die gebiede tot gevolg sal hê. As 'n gevolg van die Paryse Vredeskonferensie in 1919 het groot dele van die Ottomaanse Ryk in Sentraal-Asië en die Midde-Ooste verbrokkel en is dit onder Britse en Franse beheer geplaas. Die nasionale gedeeltes van die Sykes-Picot Ooreenkoms wat nog oorgebly het, is deesdae in die nuus aangesien 'n herleefde kalifaat genaamd die Islamitiese Staat dit as ongediglik veroordeel.

Die era van Atatürk

Die grootste en mees gerespekteerde figuur in die moderne Turkse geskiedenis is **Mustafa Kemal Atatürk**. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog was hy 'n suksesvolle offisier in die Turkse weermag en het in die 1920's 'n prominente figuur in die Turkse politiek geword. In 1923 was hy verant-

woordelik vir die totstandkoming van die Republiek van Turkye en word as die vader van sy land beskou. Atatürk het gedurende sy vyftienjaar-lange amps-termyn as president, verskeie maatskaplike, politieke en kulturele hervormings ingestel en het Turkye in 'n moderne wêreldstaat omskep. Sedert Islam se vroeë jare was Islam Turkye (Anatolië) se amptelike godsdiens. Sedert Atatürk was Turkye egter nie meer amptelik 'n Moslem-staat nie, dit was eerder amptelik wêrelds. *Dit mag moontlik verander.*

Die era van Erdoğan en 'n bus genaamd Demokrasie

Turkye staan wydsbeen oor Asië en Europa en vir byna 'n halfeeue het dit na die Weste gekyk. Turkye is 'n lid van NAVO, die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie, wat as 'n skans teen die leierskap van die Sowjet Unie tydens die Koue Oorlog gestaan het. Turkye probeer sedert 1987 om by die Europese Unie aan te sluit, maar uitgebreide EU-voorwaardes en skynbaar eindelose onderhandelings het volle lidmaatskap tot dusver verhinder. *Baie ontleders dink dat Turkye se leierskap moontlik na die Ooste kan begin kyk.*

Hoewel Turkye amptelik 'n wêreldstaat is, mag die huidige President, Recep Erdoğan moontlik nie dink dat dit so behoort voort te gaan nie. Hy was in sy vroeë politieke loopbaan 'n *Islamiet*, toe hy ewe belangrik gesê het: *“Demokrasie is soos 'n bus. Jy ry daarop totdat*

hy by jou bestemming kom en dan klim jy af” (*“Moment of Truth for the EU and Turkey”, Turkish Daily News, 10 November 2006*).

Droom President Erdoğan daarvan om van die glorie van die Ottomaanse Turkse Ryk te herstel? Moontlik selfs die Ottomaanse Kalifaat? Sommige kritici dink so en merk dat hy toenemend outokraties raak.

Erdoğan se onbeskofte en outokratiese buurman in die suide, President Bashir Assad van Sirië, is baie reguit oor die redes vir die Turkse President se onlangse optrede teen Sirië. “Een van die redes is dat Erdoğan dink dat as die Moslem Broederskap [’n radikale Islamitiese groep] in die streek oorneem en veral in Sirië, kan hy sy politieke toekoms waarborg. Die ander rede is dat hy persoonlik dink dat hy die nuwe sultan van die Ottomane is en dat hy die streek kan beheer soos dit tydens die Ottomaanse Ryk was, onder 'n nuwe sambreel. *In sy hart dink hy hy is 'n kalief.* Hierdie is die belangrikste twee redes vir hom om sy beleid op te skuif van zero probleme na zero vriende” (*“Assad: Erdoğan thinks he's Caliph, new sultan of the Ottoman”. Interview with Sophie Shevardnadze, RT.com, 9 November 2012*). Ander mense in die streek het soortgelyke menings uitgespreek.

President Erdoğan het onlangs 'n nuwe paleis, wat *meer as 1,000 kamers bevat, teen 'n koste van meer as \$600 miljoen*, op 'n heuwel naby die

Turkse hoofstad, Ankara voltooi. Dit word Ak Saray (Wit Paleis) genoem en ding mee met die luukse en prag van die Topkapi Paleis op sy hoogtepunt, onder Suleiman die Manjifieke.

In 'n onlangse toespraak wat deur die *London Daily Telegraph* aangehaal is, het Erdoğan homself werklik met Brittanje se Koningin Elizabeth vergelyk: “Recep Tayyip Erdoğan dring daarop aan dat hy nie 'n sultan wil wees nie, maar meer soos die Britse Koningin ... Erdoğan se opmerkings, soos berig in *Hurriyet Daily News*, sluit 'n aanval op diegene in wat sê Turkye is besig om soos 'n monargie te word en dat hy daarna streef om soos 'n Ottomaanse sultan te wees, ten spyte daarvan dat ander lande ook presidente het” (*Turkish president Recep Tayyip Erdoğan: I want to be like Queen of UK*, 30 Januarie 2015).

Baie ontleders dink dat Turkye besig is om 'n geskiedkundige skuif te maak terug na die Midde-Ooste en sy Islamitiese herkoms. Of die Turkse President tog 'n herleefde kalifaat sal of wil lei, is baie onseker.

Koning van die Suide

Wat werklik in die nabye toekoms in Turkye en die Midde-Ooste sal gebeur, is nie net spekulasie nie. Ons lees in die Bybel van die streek se toekomstige geskiedenis en beskou die toekomstige gebeure vanuit Jerusalem se perspektief. Teen die einde van hierdie era sal 'n kragtige alliansie van die Midde-Oosterse nasies, suid van Jerusalem gevorm word en sal hulle teen 'n magtige tien-nasie Europese alliansie na die noorde van Jerusalem “opruk” of dit “aanval”. “In die eindtyd [van hierdie tydperk] sal die koning van die suide hom aanval, maar hy sal teen die koning van die suide opruk met strydwaens, ruitery en baie skepe en sal die een land na die ander oorval soos 'n oorstroming. Hy sal selfs die beloofde land inval. Baie lande sal voor hom val” (Daniël 11:40-41 NV). Hierdie gebeure is geprofeteer om kort voor die Wederkoms van Jesus Christus plaas te vind.

Die radikale Islamitiese groep wat bekend staan as die Islamitiese Staat, maak daarop aanspraak dat hulle die

herleefde kalifaat is en sien hulleself as die herstel van die Moslem-verowering van die Midde-Ooste en Europa. Dit mag vir die Europeërs en veral vir die Vatikaan na *déjà vu* lyk. Die ISIS-leier, Abu Bakr al-Bagdadi, eien hom die titel van Kalief toe, maar of hy wel die finale “Koning van die Suide” sal wees, is nie op hierdie tydstip duidelik nie. In elk geval het 'n aantal van die Islamitiese groepe in die Midde-Ooste en Asië trou aan hom beloof.

Hou die Midde-Ooste dop!

Jesus het 'n belangrike opdrag vir Sy volgelinge gehad: “Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie. Dit is soos 'n man wat op reis is, wat sy huis agtergelaat en sy diensknegte volmag gegee het, en vir elkeen sy werk, en aan die deurwagter bevel gegee het om te waak. Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haan gekraai of vroeg in die môre nie; dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie. En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!” (Markus 13:33-37). **WvM**

Die Midde-Ooste in Profesie

Jerusalem is die belangrikste stad in die wêreld. Die Skrif toon aan dat die area rondom dit – die Midde-Ooste – uiteindelik in 'n wêreldoorlog sal ontplof. Weet u wat die Bybel leer omtrent die eindtydse klimaks van wêreldgebeure in daardie area? U mag verras wees!

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Is daar 'n onvergeeflike sonde?

Deur Richard F. Ames

*Het u so 'n groot sonde gepleeg dat u nie meer gered kan word nie? **U behoort te weet!***

Een van die folterendste bekommernisse is die vrees om van God afgesny te wees. Selfs meer kommerwekkend is die gedagte dat 'n mens vir ewig afgesny kan word, met geen kans op verlossing nie. Sommige mense vrees dat hulle die “onvergeeflike sonde” gepleeg het. Voel u skuldig, bekommerd dat u sondes u van God af weghou?

Indien u verlossing van u skuldgevoelens verlang – indien u uself wil bekeer en verligting wil verkry van u wanhopige gevoelens – daar is hulp beskikbaar. God is nie daarop uit om mense te bedrieg om te sondig sodat Hy 'n verskoning kan hê om hulle te vernietig nie. Inteendeel, God wil hê dat ons deel van Sy gesin moet wees en deel hê in Sy liefdevolle lewenswyse. Hy wil hê dat ons uit ons foute leer, ons bekeer en ons lewens verander.

Pla u gewete u? Die Skrif verduidelik dat diegene wat werklik die onvergeeflike sonde gepleeg het, hulle gewetens toegeskroei het – hulle word heeltemal verteer deur opstand teen God. Hulle is nie bekommerd oor die pleeg van die opperste oortreding nie. Hulle mag bang wees vir hulle uiteindelijke straf, maar hulle is nie onseker oor hulle onwrikbare toewyding aan boosheid en

kwaad nie.

God is bereid om ons sondes te vergewe indien ons daarvoor vergifnis vra, indien ons jammer daarvoor is en ons vasbeslote is om te verander. Wanneer 'n mens sy gewete toeskroei om nooit berou te hê nie, kan hy nie vergewe word nie. Jesus stel die probleem duidelik: “Voorwaar Ek sê vir julle, al die sondes sal die mensekinders vergewe word en al die lasteringe wat hulle mag uitgespreek het; maar wie teen die Heilige Gees gelaster het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig aan die ewige oordeel” (Markus 3:28-29).

Jesus sê al die sondes van die berouvolle mens sal vergewe word. Die een onvergeeflike sonde is egter lastering teen die Heilige Gees. Wat beteken dit? Hoe laster iemand teen die Heilige Gees?

Volgens die *HAT*, is laster “Eerskending; onware kwaadsprekery; belediging van iemand sonder bewys van die waarheid”; of “beledig, hoon, teen die Opperwese laster”. 'n Parallele Evangelieverhaal gee aan ons 'n kragtige voorbeeld: “Toe het hulle 'n duiwelbesetene wat blind en stom was, na Hom gebring; en Hy het hom gesond gemaak, sodat die blinde en stomme kon praat en sien. En die hele menigte was verbaas en het gesê: Is Hy nie

miskien die seun van Dawid nie?” (Mattheüs 12:22-23).

Die skare het erken dat die beloofde Messias, die Seun van Dawid, in staat sou wees om hierdie wonderwerk te verrig, maar die Fariseërs het valslik beweer dat Jesus die mag van die Satan gebruik het. “Maar toe die Fariseërs dit hoor, sê hulle: Hy dryf die duiwels nie anders uit as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels nie” (Mattheüs 12:24).

Hierdie beskuldigers het gelaster – hulle het van God se wonderbaarlike werk deur die Heilige Gees kwaad gespreek. Jesus het hulle kragtig gewaarsku: “Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomstige nie” (Mattheüs 12:31-32).

Ons behoort almal op dié waarskuwing ag te slaan. Let op die apostel Paulus se waarskuwing aan Christene, dat “as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer

vir die sondes meer oor nie” (Hebreërs 10:26).

Die opsetlike sondaar is balhorig. Hulle het 'n gewete wat verhard is om sodoende kwaad te doen. Hierdie soort sondaar sal nooit eers die gedagte oorweeg om homself te bekeer nie en begeer nie om na God se lewenswyse terug te keer nie (vgl. 1 Timótheüs 4:2). Die verharde goddeloses is nie verblind soos die res van die wêreld nie; hulle het “kennis van die waarheid”. Hulle weet wat die uitwerking van Christus se offer is, maar hulle onthou dit. Sulke mense staan voor “'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuigenis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?” (Hebreërs 10:27-29).

Ja, daar sal 'n vurige oordeel wees, 'n poel van vuur vir diegene wat volhard om opsetlik te sondig en wat die Gees van genade beledig. Die Skrif gee ook 'n waarskuwing aan almal wat as Christene, “deelgenote is van die Heilige Gees”. Onthou dat God die Heilige Gees aan diegene gee “wat Hom gehoorsaam is” (Handelinge 5:32). Indien Christene opsetlik na die kwaad terugkeer, indien hulle wegval en hulle 'n geharde en per-

manente gesindheid van ongehoorsaamheid het – leer die Skrif ons dat dit onmoontlik is “om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig, en openlik tot skande maak” (Hebreërs 6:6).

Waarlik bekeerde Christene is diegene aan wie God die Heilige Gees gegee het (Romeine 8:9). Selfs bekeerde Christene sal sondig, maar hulle is altyd tot bekering verbind. Hulle behoort 'n berouvolle gesindheid te hê, altyd daarna uit te sien om hulle gedrag en gesindheid te verander, selfs al voel hulle nog te swak om dit te doen. God is geduldig, maar dit is nodig dat ons op daardie geduld reageer, want die tyd raak min. Begeer altyd bekering. Streef altyd daarna om u lewens ten beste te verander, selfs wanneer u deur swakheid aan versoeking toegee. Vra God vir 'n gees van berou tot bekering!

Is u hart “verhard”?

Ons het gesien dat die onvergeeflike sonde 'n sonde is wat nie vergewe sal word nie, want die sondaar laster opsetlik teen die Heilige Gees en verhard sy hart om nooit berou te hê nie. Sulke sondaars verseël hulle gewete om kwaad te doen en sal in die poel van vuur eindig soos ons in Openbaring 21:8 lees. Hoe kan ons dit vermy om hierdie hardkoppige en geharde gedagtegang te hê?

Ons het almal die geleentheid om tussen lewe en liefde te kies, eerder as dood en onge-

hoorsaamheid. Hoe kan iemand doelbewus en permanent besluit om die verkeerde weg van opstand in te slaan? Hier volg wat mnr. Herbert W. Armstrong geskryf het oor hoe daardie doelbewuste keuse gemaak kan word: “Dit mag kom van verkeerde redenasies; van verkeerde begeertes wat uitgedink is en tot 'n finale, vaste, permanente besluit ten opsigte van sy lewensweg ontwikkel; of, om 'n wrok in sy hart teenoor God of 'n persoon wat hom moontlik verontreg het, toe te laat om hom te verbitter, totdat hy sover kom om sy hele lewensloop te verander en homself van God te distansieër” (*What Do You Mean, 'The Unpardonable Sin'?*, 1972, bl. 34).

Seergemaakte gevoelens lei dikwels tot aanstoot en 'n wrok verander in haat en verbittering. Voel u gegrief en haatdraend teenoor iemand? Ons moet altyd teen sulke gevoelens waak. Onthou: “Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie” (1 Johannes 3:15). Indien u daardie gevoelens het, behoort u dit te oorkom deur te kies om God te vrees en te kies om die ernstigheid van haat en aanstoot te verstaan.

In die Bergpredikasie gee Jesus 'n beter manier om gevoelens van haat en begeertes vir wraak te hanteer. “Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê;

seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges” (Mattheüs 5:43-45).

Ja, hierdie is 'n revolusionêre lewenswyse. Dit is in teenstelling met vandag se selfsugtige, gierige, ek-eerste filosofie. Dit is die lewensweg wat die Seun van God aan ons geleer het en dit is die lewenswyse vir almal wat in die Millennium sal wees – Christus se toekomstige duisendjarige heerskappy op aarde. Probeer dit! Gaan werklik op u knieë – en bid vir die welsyn van iemand vir wie u moontlik mag haat. U sal verbaas wees oor die verligting van spanning wat u sal ervaar.

Wees vol vertroue dat God in Sy oordeel, onreg sal wreek. Soos die apostel Paulus skryf: “Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here” (Romeine 12:19). Wanneer ons tyd aanbreek, moet ons almal voor die regterstoel van Christus staan (Romeine 14:10). Vertrou God om die goddeloses te straf, net soos Hy gesê het.

Jaag vrede na

Let op nog een sleutel om bitterheid te oorwin. “Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; en

pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie” (Hebreërs 12:14-15).

Jesus sê in die Bergpredikasie: “Salig is die vrede-makers, want hulle sal kinders van God genoem word” (Mattheüs 5:9). Hy sê ook: “... doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg” (Mattheüs 5:44). Sal u Sy uitdaging aanneem? Sal u uself voor God verootmoedig en vir u vyande bid? Dit sal baie help om enige oorsprong van bitterheid wat u mag hê te oorwin.

'n Mens kan ook die Heilige Gees verloor en die pad na die onvergeeflike sonde volg deur volgehoue verwaarlosing. Verwaarloos u u gebed, Bybelstudie en om gemeensaam met bekeerde Christene te verkeer?

Hierdie wêreld het so 'n invloed op dit wat ons interesseer dat ons aandag van ons geestelike prioriteite afgelei kan word. Wat is u persoonlike doel in die lewe? Jesus sê: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheüs 6:33). Volgens ons Verlosser behoort dit ons doel in die lewe te wees! Verwaarlosing van ons geestelike prioriteite lei tot geestelike swakheid, maar God se Gees is die Gees van krag, liefde en selfbeheersing. Die apostel Paulus skryf: “Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te

wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande. Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing” (2 Timótheüs 1:6-7).

Sonder daardie geestelike krag sal ons nie in staat wees om ons lewens te verander nie. God is egter gewillig om daardie geskenk aan ons te gee, die waardevolste geskenk buiten die gawe van Sy Seun, vir die sondes van die wêreld. Wat moet ons doen? Op die dag van Pinkster, aan die begin van die Nuwe Testamentiese Kerk, het die apostel Petrus gesê: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38). Christene ontvang wel daardie geskenk, maar dit is 'n geskenk wat gekoester en selfs “aangewakker” moet word, soos die apostel Paulus vermaan.

Voortgesette verwaarlosing van ons geestelike prioriteite sal tot 'n “onverskillige” gesindheid lei – 'n gesindheid wat tot 'n verharde hart en die onvergeeflike sonde kan lei. “Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie” (Hebreërs 2:1). Anders, “hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid veronagsaam ...”? (vers 3). Christene behoort hulle daartoe te verbind om nooit toe te laat dat bitter of 'n haatdraende gesindheid hulle harte en gedagtes vergiftig nie. Ons behoort ons daartoe te verbind

om die Here te soek terwyl Hy nog te vinde is. Volhard met opregte gebed en Bybelstudie. Kies om geestelik waaksaam te bly. Bly daartoe verbind om geestelik aktief en waaksaam te wees!

Een van die heel vertroostendste en bemoedigendste waarhede van die Bybel is dat biljoene mense – individue wat as vir ewig verlore beskou word – eintlik geestelik verblind was. Hulle was wêrelds, hulle was selfs boos, maar hulle het nog nooit die ware Evangelie gehoor of verstaan nie. Ja, hulle sal beslis geoordeel word, soos die goddelose mense van Sodom en Gomorra geoordeel is toe God vuur en swawel oor hulle uitgestort het. Het hierdie verblinde mense dan die onvergeeflike sonde gepleeg? Jesus het van die stede gepraat wat hulle moes bekeer tydens Sy dissipels se prediking: “Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad” (Mattheüs 10:15). Selfs die mense van Sodom en Gomorra sal hulle geleentheid tot redding hê!

U kan hoop hê!

God het Sy beloftes aan die aartsvader Abraham gegee, maar op die oppervlak het dit gelyk of die vervulling van die beloftes onmoontlik was. Let op wat die Bybel oor Abraham se gesindheid sê. “Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees” (Romeine 4:18).

Abraham “het teen hoop op hoop geglo” of soos die *Nuwe Vertaling* dit stel: “Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo”. Ek kan my daarmee vereenselwig. Voordat ek 'n Christen geword het, het ek dieselfde gevoel. Die Bybel is gevul met God se beloftes aan u. U kan 'n versekering, 'n verwagting en 'n hoop vir die toekoms hê. Daar is nie net hoop nie, maar belofte – die belofte van 'n nuwe wêreld, die Koninkryk van God op aarde en die duisendjarige heerskappy van Jesus Christus. Ek het geleer van Jesus se belofte om na hierdie aarde terug te keer – en dat Hy blywende wêreldvrede sal vestig. Paulus gaan voort deur te sê: “Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus” (Efesiërs 2:13).

Indien u van God afgesny

voel, kan u versoen word. U kan hoop hê. U kan nader getrek word deur die bloed van Christus. Indien u berading van 'n leraar verlang, skakel of skryf aan die streekskantoor die naaste aan u, soos op bladsy 2 van hierdie tydskrif gelys.

Indien u verbind is om u lewe te verander – indien u werklik jammer oor u sondes is en werklik berou ervaar, sal u vergewe word. 'n Noodsaaklike sleutel om te verhoed dat u die onvergeeflike sonde pleeg, is om altyd 'n berouvolle gesindheid te hê. “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig” (1 Johannes 1:9).

Dit is nodig dat ons ons sondes aan God en ons Verlosser bely. Onthou die tollenaar van wie Jesus gesê het hy het geregverdig huis toe gegaan eerder as die Fariseër? Hy het gebid: “o God, wees my, sondaar, genadig!” (Lukas 18:13). Mag God u help om Hom heelhartig te soek, want Hy is in staat om u sondes te vergewe en u van alle ongeregtighede te reinig. Indien ons hierdie berouvolle gesindheid handhaaf, kan ons weet dat ons nie die onvergeeflike sonde gepleeg het en dit nie sal pleeg nie! **WvM**

Die Dier van Openbaring

Waarheen lei wêreldgebeure? Gaan 'n wêrelddiktator binnekort sy verskyning maak? Presies wie – of wat – is die DIER? Gaan u sy berugte MERK ontvang? Die ongelooflike ANTWOORDE word hier gegee!

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te bekom!

Môre se Jeug

Mentors maak baie saak

Deur Phil Sena

“Jy gaan iets nodig hê om daardie vis mee skoon te maak”. My vriend oorhandig toe aan my 'n splinternuwe Swisterse weer-magmes, steeds nog in die verpakking. Hy het my sopas die basiese beginsels van kunsvliegengel geleer in die pragtige bergstrome in die noordweste van Colorado en nou is ons besig om daardie dag se vang vir aandete voor te berei.

Ons het 'n paar dae alleen gekampeer en visgevang, maar vir my was dit 'n geleentheid om van iemand te leer wat ek bewonder vir sy kennis van die natuur.

Hierdie was maar net een van baie soortgelyke geleenthede gedurende my tienerjare waar ek voordeel getrek het uit die leiding van hierdie persoon wat ek nou as 'n mentor beskou, hoewel ek destyds nie met die term vertrouwd was nie. Ek het die wonderlike geleentheid gehad om gedurende hierdie belangrike tyd in my lewe baie ure saam met hom tydens veldski, staptogte en praatjies deur te bring en kyk nou terug en besef hoe belangrik sy invloed op my lewe was. Ek het uiteindelik na dieselfde kollege as hy gegaan en sy hulp om my voortydig voor te berei, was van onskatbare waarde.

Ek het nogtans meer as net sy kennis gerespekteer. Sy verantwoordelike, volwasse voor-

beeld, tesame met sy goeie hartigheid en mededeelsame gees, het my gewys wat ek in my lewe wou nastreef. Hy het raad gegee oor *hoe om te leef* en dit is dalk die grootste geskenk wat 'n mentor kan gee.

Die belangrikheid van mentorskap

Wat is 'n mentor? Een woordeboek definieer 'n mentor as “'n ervare leidsman, raadgewer, gids” (*HAT, Vyfde Uitgawe*). Streng gesproke omvat die rol van raadgewer maar net een faset van 'n mentor, soos wanneer een persoon 'n ander oor verskillende aspekte van 'n beroep onderrig. Hierdie tipe mentorskap kan van onskatbare waarde vir iemand wees wat probeer om 'n vaardigheid aan te leer of om in 'n spesifieke beroep sy voete te vind.

Mentorskap omvat nogtans baie meer as dit. Volgens die Nasionale Mentor Vennootskap: “Op sy mees basiese vlak help mentorskap, omdat dit aan 'n jong persoon die waarborg gee dat daar iemand is wat vir hulle omgee. 'n Kind word nie alleen gelaat in die hantering van dag-tot-dag uitdagings nie” (*The Value of Mentoring*, Mentoring.org).

Omgee neem mentorskap verder as die rol van “raadgewer” en verhef dit tot 'n verhouding waar die mentor per-

soonlik in die langtermyn welstand van die persoon wat gementor word belê. Mentors laat blyk oor 'n lang tyd – dalk selfs oor baie jare – dat hulle verhouding met diegene wat gementor word, regtig saak maak.

Trouens, ons almal het ander mense se hulp nodig in ons groei tot volwassenheid. Alles wat ons weet, kom van ander mense af en diegene wat ons die meeste bewonder en respekteer help baie om ons wêreldbeskouing te vorm. Veral gedurende ons vormingsjare kan 'n sterk mentor 'n groot verskil maak aan die rigting wat ons lewens inslaan. Vir jong mense wat uit gebroke gesinne kom, kan 'n mentor wat omgee, 'n saak van lewe en dood beteken.

Meer as 'n mentor

Die gevoel van versorging wat ek alreeds van my ouers gehad het, is verder verryk deurdat ek 'n mentor gehad het. 'n Goeie mentor kan nogtans op verskillende maniere selfs die plek van 'n afwesige of belangelose ouer inneem. Die storie van 'n suksesvolle mentorskap wat deur die Nasionale Mentor Vennootskap versprei word, vertel ons van James Mackay, 'n jong man wie se pa in die tronk was toe hy gebore is. James het baie soos sy pa grootgeword, omring deur bendes en dwelms.

Sy kleiner boetie het in bende-geweld gesterf en sy ma was geweldig ontsteld, byna tot by die punt van selfmoord ("*Abrigal and James*", *Mentoring.org*).

James was 'n mislukking op hoërskool en het geen positiewe rolmodelle gehad nie, sy toekoms was sonder vooruitsigte. Hy het van *YouthBuild VSA* gehoor, 'n program wat lae-inkomste jongmense help om hulle hoërskool diplomas of *GEDs* [sertifikate] te kry, terwyl hulle konstruksievaardighede om bekostigbare behuising te bou aanleer. Terwyl hy by *YouthBuild* gewerk het, het James vir *Abrigal*, 'n ouer man wat tien jaar in die tronk deurbring het, ontmoet. Hy het 'n soortgelyke agtergrond as James gehad. Terwyl *Abrigal* in die tronk was, het ouer mans hom uitgedaag om sy lewe te verander en vaderfigure vir hom geword en hom sodoende gehelp.

"Ek het gesien dat James 'n jong man was wat hulp nodig het", sê *Abrigal*. "Ek het gedink dat ek daardie hulp kan verleen". James het nou sy eie woonstel, is vir verdere onderrig ingeskryf en doen 'n graadkursus (*ibid.*).

Die les van hierdie storie is dat diegene wat eens gementor is, self effektiewe mentors kan word. Hulle word miskien die beste mentors omdat hulle die waarde van mentorskap verstaan. Op hierdie manier is hulle in staat om terug te gee wat hulle ontvang het en om moontlik ander te inspireer om dieselfde te doen.

Om mentors te vind

U hoef nie in dieselfde situasie as James te wees om voordeel uit mentors te trek nie. Soos ek tydens my tienerjare ontdek het, kan 'n verhouding met 'n gerespekteerde, kundige en deernisvolle ouer persoon dikwels 'n jong mens se lewe verryk.

Ongelukkig leef ons in 'n era waar van die ouer mense probeer om jonger mense te misbruik. Maak seker dat u wys is in u keuse van mentors. 'n Mentor wat probeer om u in aktiwiteite in te sleep wat hom bevoordeel, maar u in gevaar stel, is nie 'n geskikte mentor nie. 'n Mentor wat u in aktiwiteite betrek wat u weet onwettig is, of wat teen God se Wet is, behoort vermy te word. Indien u verhouding met 'n mentor wrywing met ander volwassenes in u lewe veroorsaak, behoort u seker te maak dat u goeie raad kry en diegene wat reeds bewys het dat hulle u beste belange op die hart dra vertrou, dat hulle moontlik reg mag wees wanneer hulle u ontmoedig om met 'n verhouding voort te gaan wat u skade kan berokken.

Gelukkig is daar baie verskillende maniere om wonderlike mentors te vind wat oneindig baie tot u lewe kan bydra. Moontlik ken u al 'n paar mense in u buurt, kerk of skool wat die geleentheid sal geniet om 'n vaardigheid aan u te leer, hulle lewenservaring met u te deel of sommer net tyd saam met u deur te bring. Indien daar so 'n persoon is wat reeds hierdie rol in u lewe vervul, waardeer die

geleentheid wat aan u gegun is en probeer om so veel as moontlik van hierdie individu te leer.

Daar is baie jeug-agentskappe beskikbaar wat mentorskap aan diegene sonder ander hulpbronne verskaf. 'n Soektog na sulke agentskappe in die Verenigde State is op die *Mentoring.org* se webtuiste beskikbaar. Indien u buite die VS woon, kyk uit vir soortgelyke organisasies in die land waar u woon.

Dalk is u op 'n stadium in u lewe waar u iemand onder u vlerk kan neem deur self 'n mentor te word. Baie ouer tieners kan positiewe rolmodelle vir jonger kinders wees, selfs in staat wees om hulle te help om selfvertroue en kundigheid te verkry. Indien u vind dat u self so 'n behulp same invloed kan wees, kyk uit vir geleenthede om ander om u te help.

Wanneer u na mentors op soek is, maak seker dat u nie die spesiale hulp miskyk wat altyd enige tyd vir enigiemand beskikbaar is nie. Jesus het die volmaakte voorbeeld van iemand gestel wat omgee het tot voordeel van ander. Hy is nou beskikbaar om diegene te help wat Hom soek. Moontlik is die beste manier om sukses te verseker, om te leer hoe Jesus Homself in verskillende situasies gehandhaaf het. Die Evangelies in die Nuwe Testament teken Sy woorde en daade aan wat, soos Hy gesê het, lewe bring (Johannes 6:63). Deur daarna te streef om te leef soos Hy geleef het, sal u altyd die beste moontlike mentor volg (1 Johannes 2:6). **WVMI**

Die Werk van Sy hande

Die wonder van lewe in die baarmoeder

Deur Wallace Smith

Wanneer 'n moeder haar hande liggies op haar groeiende maag plaas, terwyl sy dink oor die nuwe kindjie wat binne in haar besig is om te ontwikkel, raak sy werklik aan een van die grootste wonders van die lewe. Die skepping van 'n nuwe menslike lewe is inderdaad 'n wonderwerk. Dit is meer as 'n wonderwerk, dit is 'n wonderwerk wat bedoel is om ons aandag te vestig op die doel van die menslike lewe self!

Dink vir 'n oomblik na oor hoe baie dinge gebeur gedurende die eerste nege maande van ons lewe.

'n Menslike begin

Alle menslike lewe begin by *bevrugting*, verwekking, wanneer 'n vrou se eiersel met 'n man se spermsel verenig. Elke minuskule komponent – 'n eiersel is ongeveer die deursnee van 'n menslike haar en die mikroskopiese spermsel is, per volume, die kleinste sel in die menslike liggaam – dra slegs die helfte van elke ouer se genetiese materiaal, of DNA. Hierdie twee selle *verenig* en word *een enkele* sel; die twee genetiese helftes kom bymekaar om 'n *volledige* DNA-stel te vorm en skep so 'n splinternuwe menslike wese! Omdat dit 'n mengsel van die genetiese programmering van 'n moeder en 'n vader dra, sal die kindjie wat nou verwek is, groei om na hulle albei te lyk – alles wat nodig is

om te verseker dat hy in die jare wat kom sal hoor: “Jy het jou pa se oë!” Of, “Jy het jou ma se neus!” Alles is reeds heel van die begin van 'n mens se heel eerste sel af vasgestel en in plek!

Op daardie oomblik het 'n nuwe lewe tot stand gekom: 'n Nuwe *menslike* lewe. Elke menslike wese wat nog ooit geleef het, van die beroemdste tot die berugste – Leonardo da Vinci, Mohandas Gandhi, Joan van Arc, William Shakespeare, Eleanor Roosevelt, Napoleon Bonaparte – het die lewe in hierdie nederigste van omstandighede as een eensame, byna mikroskopiese selletjie wat in sy of haar moeder se liggaam gegroei het, begin.

Terwyl dit 'n nederige begin is, is lewe as 'n enkele selletjie net die begin, aangesien hierdie splinternuwe menslike lewe bestem is om oor die volgende kort nege maande 'n ongelooflike verandering te ondergaan!

Selfs voordat die bevrugte menslike eiersel in die moeder se baarmoeder gevestig is, het die selletjie verwoed begin verdeel, homself aanhoudend vermenigvuldig en so die masjinerie vervaardig wat sy volledige menslike liggaam sal word. Die ontwikkeling van daardie liggaampie gaan teen 'n asemrowende tempo voort.

Ongeveer drie weke na bevrugting is die kindjie omtrent net so groot soos 'n penpunt, tog het so baie alreeds gebeur! Die

baba se organe en senuweestelsel, brein en rugmurg, is besig om te ontwikkel. Voordat die maand verby is, sal die kindjie se hartjie begin klop en bloed binne 'n geslote bloedsomloopstelsel regdeur 'n vinnig groeiende liggaam vervoer.

Na vier tot vyf weke begin gelaatstrekke ontwikkel, met inbegrip van oë en kake. Toekomstige arms en bene begin knoppe maak aan die hoof liggaamsontwerp.

Teen slegs vyf weke, wanneer die kindjie net maar die grootte van 'n hemsknopie is, begin die baba se brein die kreukels, plooië en voue vorm wat kenmerkend van die menslike serebrale korteks is, en wat so noodsaaklik vir die gevorderde denke van menslike lewens is. Breingolwe is ná nog net een verdere week van hierdie ontwikkeling reeds in embrios opgemerk!

Oor die volgende paar maande, terwyl dit nog maar net steeds so drie of vier duim [7.5 tot 10 cm] lank is, ontwikkel daar in die gesig van die kindjie oë – beskerm deur geslote ooglede – lippe en ore. Smaakknoppies vorm, wat die kindjie toelaat om die omgewing om hom, wat die moeder se dieet weerspieël, te proe. Die ongebore babatjie begin gaap, voel, selfs ook ruik en neem al hoe meer inligting van 'n vinnig groeiende “wêreld” in.

Die res van die tyd word in

nimmereindigende, volgehoue ontwikkeling deurgebring, van die een mylpaal na die ander: Organe ontwikkel, spiere word sterker en die babatjie begin beweeg en strek en die longe “asem” voortdurend vloeistof in, in afwagting op hulle eerste asemteug van lug.

Teen die tyd dat die kindjie uiteindelik in ons wêreld *gebore* word, het hy of sy alreeds 'n bietjie meer as nege dramatiese maande van lewe in die “wêreld” van die baarmoeder ervaar! Die kindjie wat sy lewe as 'n eenvoudige, enkele selletjie begin het, het binne 'n wonderbaarlike “lewensonderhoudende stelsel” gegroei, wat spesifiek ontwerp is om vinnige ontwikkeling en voeding moontlik te maak, totdat – bloot 40 weke later – 'n pragtige babatjie gebore word en gereed is om vertroetel te word deur liefdevolle ouers na wie se gedempte stemme die pasgebore baba vir maande lank geluister en 'n band met hulle gesmee het.

Dit is 'n pragtige proses om oor na te dink, een wat feitlik elke getroude paartjie bepeins gedurende die dae van swangerskap. God se wonders word werklik in sulke dinge gedemonstreer.

God maak nogtans gebruik van fisiese dinge wat Hy ontwerp het, om geestelike werklikhede te illustreer. Die beeld van menslike voortplanting skets een van die grootste geestelike realiteite van alles: God se voortplanting van *Homself* en Sy ware doel vir die mensdom!

'n Verstommende analogie van die Goddelike

Die prentjie in die Skrif is kristalhelder. Net soos 'n menslike vader deur sy sperm tydens bevrugting 'n deel van sy natuur aan sy nageslag gee, net so gee God aan ons Sy *eie* aard wanneer ons ons bekeer en gedoop word, deur by die doop aan ons Sy *eie* Gees te gee (Handelinge 2:38)! Die apostel Petrus stel dit eenvoudig, deur te verduidelik dat ons “deelgenote kan word van die *goddelike natuur*” (2 Petrus 1:4).

Dit is nogtans net die begin. Christene word eers deur God se Gees by die doop *verwek* – hulle werklike *geboorte* in die volheid van die Gesin van God vind nie plaas tot en met die Wederkoms van Jesus Christus en die opstanding, wanneer hulle “kinders van die opstanding” word nie (Lukas 20:36). Net soos 'n menslike kindjie baie ontwikkel en groei tussen bevrugting en geboorte, net so is dit ook met 'n kind van God!

'n Menslike kindjie in die baarmoeder lyk aan die begin nie regtig soos die ouers nie en groei daagliks in die baarmoeder om soos hulle te lyk. Net so groei en ontwikkel 'n kind van God ook in die moederskoot van God se Kerk, neem toe in die genade en kennis (2 Petrus 3:18) en ontwikkel deur die Gees van God die gesindheid van Christus (Filippense 2:5). Christene leer om te groei na volmaaktheid, net soos hulle Vader in die hemele volmaak is (Mattheüs 5:48).

Net soos wat babas in die baarmoeder nie die ouers kan sien nie, nie hulle gesigte of

vorm kan waarneem nie, of die lewe wat vir hulle bestem is kan indink tot na hulle geboorte in die wêreld nie, net so kan die Geesverwekte Christene ook nie die volheid van hulle bestemming waarneem tot na *hulle* geboorte nie! Soos die apostel Johannes skryf: “Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is” (1 Johannes 3:2).

By die openbaring van Jesus Christus sal die kinders van God in die volheid van hulle bestemming ingaan, verander na die volle beeld van God, met Geestelike liggame van mag en heerlijkheid, tot in ewigheid (1 Korinthiërs 15:42-45) – 'n gebeurtenis so wonderlik en glorieryk dat die *hele skepping* daarna uitroep soos 'n vrou in kraam uitroep na haar kind (Romeine 8:19-23)!

God se skepping is nie net wonderbaarlik as gevolg van sy wonderlike eienskappe van ontwerp en ingenieursvernuf nie, maar ook vir die wyse waarop Hy dit gebruik om sulke pragtige tonele van Sy wonderlike plan te skilder. Ons Almagtige Ontwerper is ook die Almagtige Kunstenaar! Deur gebruik te maak van die proses van menslike voortplanting, skilder Hy inderdaad 'n pragtige toneel. In daardie proses beeld Hy die ware doel van die mensdom uit en laat ons toe om in die oë van elke pasgebore kindjie 'n weerspieëling te sien van ons ewige bestemming in die ware Gesin van God. **WvM**

Vrae & Antwoorde

Wat openbaar “Goeie Vrydag” aangaande Christus se dood en opstanding?

VRAAG: Ek het in my Bybel gekyk vir bewyse van die “Goeie Vrydag” wat my kerk onderhou, maar ek kan dit nie vind nie. Wat sien ek nie raak nie?

ANTWOORD: U moet geprys word omdat u die Skrif noukeurig lees! Die Bybel openbaar wat Jesus Christus op die Vrydag voor Sy opstanding gedoen het, maar die waarheid is **nie** wat die meeste belydende Christene vandag glo nie!

Ons weet uit die Skrif dat Christus 'n volle drie dae en nagte in die graf was – 72 ure lank. Hy moes dit doen ten einde die Bybelse teken van Jona te vervul, soos Hy aan die skrifgeleerdes en die Fariseërs bekend gemaak het. “Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees” (Mattheüs 12:39-40).

Hierdie feit op sigself bewys dat die algemeen aanvaarde Goeie Vrydag tot Paassondag kronologies nie korrek kan wees nie, aangesien 'n kruisiging op Vrydagmiddag vir Jesus tot Maandagmiddag in die graf sou moes hou.

Wat sê die Skrif, wanneer is Christus opgewek? Let op hierdie beskrywing: “En op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie” (Johannes 20:1-2).

Haar besoek op die “eerste dag van die week” beteken dat Maria Magdalena in die nagtelike ure ná die Sabbat – voor die son op die Sondag opgekom het na Christus se graf gegaan het – en gevind het dat Jesus nie in die graf is nie. Indien u dus 72 uur terug sou tel, is daar geen manier waarop Jesus op die Vrydag gekruisig kon gewees het nie!

Die Skrif openbaar dat Jesus omstreeks 03:00 nm. gesterf het (Mattheüs 27:46-50). Die Evangelie van Johannes gee aan ons nog 'n belangrike besonderheid oor wat onmiddellik na Sy dood gebeur het. Ons lees: “En dat die liggeme

nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – want die dag van daardie sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word” (Johannes 19:31).

Die “Voorbereidingsdag” is die dag voor die Sabbat, wanneer take van alledaagse werksaamhede verrig is in afwagting op die komende Sabbatsrus. Ons het tog reeds gesien dat Vrydag nie die dag van Christus se dood kon wees nie, aangesien Hy reeds 72 uur dood moes gewees het voor die einde van die sewende dag van die week! Is dit 'n oënskynde teenstrydigheid in die Bybel? Nee! Let op die beskrywing dat die Sabbat wat sou kom, 'n “groot dag” sou wees. Dit is 'n verwysing na een van die “jaarlikse Sabbatte” (Levitikus 23:6-36). Christus is in die ure onmiddellik voor die Eerste Dag van Ongesuurde Brode gekruisig (vers 6).

Ons weet dus uit die Skrif dat Jesus Christus kort voor sononder begrawe is, voordat die Eerste Dag van Ongesuurde Brode begin het. Ons weet dat Hy 72 uur later, voor die eerste dag van die week begin het, opgestaan het. Dit beteken dat Hy aan die einde van die weeklikse sewende-dag Sabbat opgestaan het. Hy moes dus op 'n Woensdag gekruisig gewees het, nie op “Goeie Vrydag” soos so baie mense nou glo nie. Op “Goeie Vrydag” was Jesus dood in die graf, ter vervulling van die profesie.

Kerke wat aan die Goeie Vrydag en Paassondag tradisies vashou, ontken nie net die duidelike woorde van die Skrif nie, maar ook die enigste teken wat Jesus gegee het as bewys dat Hy die Messias is. Indien u 'n Messias aanbid wat op die Sondag na net 36 uur in die graf opgestaan het, aanbid u nie die ware Jesus Christus van die Bybel nie, maar eerder 'n valse uitvindsel wat deur mense uitgedink is en wat die aandag van God en Sy Waarheid wil wegneem. Om meer te leer oor baie valse leerstellings wat in die naam van “Christelikheid” aangemoedig word, vra asseblief u gratis kopie van ons boekie, *Satan se Vervalste Christendom*, aan. [WvM](http://www.wvml.org)

Profesie neem

Die toename in ongeloof!

Die laaste paar dekades het 'n *merkwaardige* verskyning en toename van magte wat *vyandiggiesind* teenoor Bybelse waarhede en Christelike oortuigings is beleef – veral onder die meer gegoede, opgevoede lede van die samelewing. Terwyl sommige mense hierdie verandering as die onvermydelike gevolg van maatskaplike en intellektuele vooruitgang beskou, het Bybelse profesieë lank gelede reeds voorspel dat dit 'n teken sal wees dat die *einde van die era* en die Wederkoms van Jesus Christus naby is. Hierdie antieke profesieë *neem gestalte aan* in ons moderne samelewings!

Antieke profesieë

Nadat Jesus deur Sy dissipels gevra is: "... wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" het Hy gewaarsku: "En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei" (Mattheüs 24:3, 11). Die apostel Paulus herhaal by verskeie geleenthede dieselfde waarskuwings: "... dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word [dit sal laat vaar, rebelleer teen die geloof] en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle gewete" (1 Timótheüs 4:1-2) en "dat daar in die laaste dae

swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, [lief vir hulle eie idees] ... lasteraars [arrogant, minagtend teenoor ander] ... onheilig [minagtend, sonder vroomheid, ongodsdienstig] ... kwaadsprekers ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God" (2 Timótheüs 3:1-4).

Die apostel Petrus het soortgelyke profetiese waarskuwings uitgereik: "Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer ... en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word" (2 Petrus 2:1-2). Petrus het voorspel dat "valse leraars" [leraars van leuens] sal "belaster [spot en hoon] wat hulle nie ken nie" en hulle sal "trotse woorde vol onsin" [arrogante onsin] spreek wanneer hulle 'n beroep doen op die mense se sinlike begeertes (2 Petrus 2:12, 18). Petrus plaas hierdie waarskuwings duidelik in 'n *eindtydse* konteks. "Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel" (2 Petrus 3:3). Judas, die broer van Jesus, skryf: "Maar julle, geliefdes, moet die woorde onthou wat tevore gespreek is deur die apostels van onse Here Jesus Christus, dat hulle vir julle

gesê het: In die laaste tyd sal daar spotters wees wat volgens hul eie goddelose begeerlikhede wandel" (Judas 17-18).

Die *Expositor's Bible Commentary* sê Petrus voorspel "die verskyning van spotters in die laaste dae, wat Bybelse waarhede ontken en op 'n goddelose manier lewe ... wat 'n toekomstige eskatologie ontken [’n eindtydse vervulling van hierdie profesieë]", en: "Deur die geloof van Christene te bespot, ondersteun hulle hul eie posisie" deur te ontken dat gebeure enige profetiese betekenis het (sien kommentaar op 2 Petrus 3:3-4, bll. 284-285). Die merkwaardige veranderinge wat in die afgelope dekades plaasgevind het en vandag steeds plaasvind, is *beduidend* en beslis in lyn met talle *eindtydse* profesieë in die Nuwe Testament.

Hedendaagse gebeure

Een van die mees verrassende ontwikkelings die afgelope tyd in die "Christelike" nasies van die Weste is die *opkoms van militante ateïste en agnostici* wat 'n vasberade aanval op die Christelike geloof en die Judeo-Christelike waardes wat die grondslag van die Westerse beskawing vorm loods. Boeke, artikels en webwerwe het verskyn om die Skrif bespotlik te maak, die God

gestalte aan

van die Bybel uit te tart en die idee dat Jesus weer sal kom, as onbelangrik af te maak en met Bybelgebaseerde sedelike opdragte die spot te dryf (*"Secular and Proud of It"*, *Wall Street Journal*, 5 Januarie 2015). Hierdie selfaangestelde kritici en leermeesters van die mensdom beweer "God is denkbeeldig" en dat hele boeke in die Bybel versinsels is wat deur onbekende bedrieërs geskryf is. Ten spyte van die feit dat die meerderheid burgers in die Westerse nasies beweer dat hulle Christene is, het ateïstiese organisasies regsgeginge ingestel om die vertoon van die Tien Gebooe in openbare plekke te verwyder, gebede in klaskamers te verbied en om enige vorm van Christelike onderwys in staatsondersteunde skole te voorkom – nogtans word studente aangemoedig om van heidense godsdienste te leer en dit te beoefen!

Instellings is gestig om die publiek te onderrig aangaande ateïsme, agnostisisme en niegeloof en om geestelikes wat hulle geloof versaak het, te help. Optogte word gehou om ateïstiese idees te bevorder, waartydens die deelnemers baniere met "God is 'n mite" en "Ons is godloos, raak gewoon daaraan" rondswaai, (*"Godless' rally for recognition"*, *Washington Post*, 24 Maart 2012). By 'n saamtrek in Washington, DC,

het die Britse ateïs Richard Dawkins 'n skare van ongeveer 10,000 mense aangeraai om "gelowiges te konfronteer met hulle 'heel absurde' geloofsoortuigings" en "om hulle in die openbaar bespotlik en belaglik te maak". Nog 'n spreker het die skare in die Eed van Getrouheid gelei en doelbewus die frase "onder God" weggelaat (*"Richard Dawkins to atheist rally: 'Show contempt' for faith"*, *USA Today*, 25 Maart 2012). Dit is ontnugterend om te sien hoe die moderne militante ateïste "vry wees van godsdien" in Westerse nasies wat lankal reeds "vryheid van godsdien" toelaat, eis.

Vergete geskiedenis

Die Amerikaanse kolonies is hoofsaaklik deur Britse andersdenkendes, wat vryheid van godsdien nagestreef het gevestig. Die vroeë koloniste was 80% Brits en 98% Protestants. Hulle het 'n gemeenskaplike taal gepraat, dieselfde godsdien bely en 'n gemeenskaplike stel waardes gehad – en hulle het vas geglo dat leuens, steel, dronkenskap, egbrek pleeg, egskeiding en homoseksualiteit sondes is soos in die Skrif beskryf. Die Franse skrywer, Alexis de Tocqueville het in die 1800's opgemerk dat "die hele bestemming van Amerika" en sy Anglo-Protestantse kultuur gevorm is

deur Puriteine uit Engeland en hulle siening van die oppergesag van die Bybel as 'n gids vir menslike gedrag is (*Who Are We?*, Samuel Huntington, bl. 18-19, 64-65).

Gedurende die afgelope dekades het dit nogtans alles in Europa, Brittanje en in Amerika verander met die *ontstaan* van magte wat *vyandig* teenoor hierdie geskiedkundig Christelike erfenis is. Gedrag wat eens as sondig veroordeel was word nou aanvaar en as normaal aanbeveel. Gebed en die vermelding van God se naam in skoolklaskamers word nou deur wetgewing verbied. Egskeiding en moord op ongebore babas word toegelaat en neem vinnig toe. In nasies wat hulleself eens "Christelik" genoem het, paradeer militante ateïste, agnostici en homoseksueles nou openlik en spot met diegene wat werklik in die Skrif en die God van die Bybel glo. Oos-Anglia, waar die Puriteine vandaan kom, word nou beskou as "die ateïste se hoofstad" in Engeland en is 'n "redelik godlose plek" (*"We do things differently in Norfolk"*, *The Guardian*, 3 Maart 2009).

'n Tyd van afrekening

Wat baie mense vandag nie besef nie, is dat *God wel bestaan* en dat Bybelse profesieë wat die opkoms van ongeloof en eindtydse *vyandigheid* teenoor

die Christelike geloof voorspel, ook bekend maak dat die oordeel oor die nasies sal kom wat hulle van hulle Bybelse erfenis distansieer. Moses het meer as drie duisend jaar gelede geprofeteer dat “aan die einde van die dae” sal die nasies van Israelitiese afkoms hulle sal distansieer van God en dat hulle “verderflik sal handel” (Deutero-

nomium 31:29). Die profeet Jeremia waarsku dat die Israelitiese volke God sal “verlaat” en hulle na afgodery sal wend en die “egte saad” sal “wilde lote” word (Jeremia 2). Die profeet Hosea het voorspel: “My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp ... omdat jy die wet van

jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet ... Ek sal by hom besoeking doen oor sy weë en hom vergeld na sy dade” (Hosea 4:6-9). Ons kyk toe hoe hierdie antieke profesieë vandag *gestalte aanneem!*

—*Douglas S. Winnail*

Glo u die Ware Evangelie?

Wat het Jesus WERKLIK verkondig? Weet u? Moenie so seker wees nie! Wat het Jesus bedoel met “die Koninkryk van God”? Hier is die opwindende Goeie Nuus: Daar GAAN 'n nuwe wêreld kom!

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Vervolg vanaf bladsy 7 – Aanbid u die ware Christus?

opkyk en die heerlijkheid van die son, die maan en die hele kosmos sien, besef ons dat **die groot God van die heelal** Homself deur Jesus Christus openbaar, Hy wat “gister en vandag dieselfde is en tot in ewigheid”. Hy het nog **altyd** Sy dienaars onderrig, van Abraham af, tot by Moses, Dawid, Jakobus, Petrus, Johannes en die apostel Paulus, om die Tien Gebooie te **gehoorsaam**. Christus het daardie gehoorsame lewenswyse as *voorbeeld gestel* deur God se Gebooie te **gehoorsaam** (Johannes 15:10). Dit is die **ware geloof**, die ware “weg” na die ewige lewe.

Die **enigste** manier waarop ons werklik Sy Gebooie kan bewaar en met God kan “wandel”, is deur die **ware** Jesus Christus wat Sy lewe deur die Heilige Gees in ons leef. Soos

die apostel Paulus dit duidelik geopenbaar het: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie; maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in [van] die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20).

Vir u *eie beswil* en vir u *ewige lewe*, onthou asseblief die apostel Jakobus se kragtige waarskuwing: “En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie” (Jakobus 1:22).

Mag God u persoonlik help om op die Waarheid te reageer en u aan die *ware* Christus oor te gee as u Verlosser, u lewende Hoof, u Hoëpriester en u toekomstige Koning. Indien Hy *werklik* u “Here” is, sal u Hom **gehoorsaam** en nie probeer om “rondom” die duidelike stellings

van Sy geïnspireerde Woord te redeneer nie.

Geagte Lesers, indien u opreg na God en Sy Waarheid wil “soek” soos nooit tevore nie, indien u ernstig Sy geïnspireerde Woord vir *ware* antwoorde wil **bestudeer**, indien u **vurig bid** en God vra om u te help om *Hom* en Sy wil *te verstaan*, **sal** Hy u hoor en antwoord! Die ware God van die Bybel – toe Hy beskryf het wat ons mense behoort te doen in hierdie “laaste dae” – sê aan Sy mense: “Dan sal julle daarvan dan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek. As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister” (Deuteronomium 4:29-30). **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

daardeur u *algehele toewyding* te toon om u Skepper te soek en u *bereidwilligheid* om Sy wil te doen?

Glo my, my vriende, God sien dit raak! Hy gaan nie die ewige lewe aan diegene gee wat “saamgaan net om in tel te wees” nie. *Verstaan dit* asseblief, tot u *eie beswil* en die beswil van u gesin en geliefdes. Ek moedig u dus **almal** aan om te begin om die talle kragtige boekies van hierdie Werk wat ons absoluut gratis uitstuur te bestudeer. Verder bid ek dat al hoe meer van u uself sal beywer om u *gratis* inskrywing van ons *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus* aan te vra en om werklik die lesse te *voltooi* en God se Woord te **bestudeer**, sodat u waarlik in staat sal wees om die volle Waarheid en doel van God te **bewys** op 'n manier soos wat u dit nog nooit voorheen kon doen nie. Daarna, nadat u werklik **bewys** het wat God sê en *waar* Hy werk, kan u deel van die “span” word en u *deel* doen om te help om Sy boodskap met toenemende **krag** in hierdie wêreld uit te dra. Soos Jesus Christus self gesê het: “My voedsel [Sy krag en *rede vir bestaan*] is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring” (Johannes 4:34).

Gedurende die laat 1940's en 1950's, was ek bevoorreg om deel te kon wees van die oorspronklike “span” wat mnr. Herbert W. Armstrong gehelp het om hierdie Werk *met toenemende krag* te doen. Ons het dit egter **nie** “alles self” gedoen nie. Hy het ons bemoedig – ons het mekaar bemoedig en *God se geïnspireerde Woord* het ons bemoedig – om werklik “voluit daaraan te werk” om ons lewens aan God te gee in ons soeke na begrip van Sy Woord en om dit te verkondig en hierdie wêreld

na die beste van ons vermoë te **bereik**. Ek is baie dankbaar dat ek daardie geleentheid gehad het.

Staan vir iets!

Terwyl ek die einde van my lewe nader, dink ek dikwels terug aan daardie dae en wens ek met my hele hart dat ons daardie selfde **ywer** opnuut onder God se mense kan aanwakker om werklik bereid te wees om saam te werk, om *saam op te offer* en Sy boodskap te verkondig, sodat ons werklik 'n groter “impak” op die wêreld kan hê. Namate die duisternis oor hierdie wêreld se samelewing en sy regerings toesak, laat ons almal daarna streef om “kinders van die lig” te wees. Laat ons in opregtheid ons lewens aan God *oorgee* en gewillig wees om vir iets te “staan”, terwyl ons die geleentheid het. Die apostel Paulus is geïnspireer om aan ons te sê: “Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord. Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie. Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie” (Romeine 13:12-14).

In hierdie Werk van God aan die einde van hierdie tydperk, is ons *hier om u te help*. Indien u graag met een van ons predikers wil praat, kontak ons asseblief **onmiddellik** by die Streekskantoor die naaste aan u, soos gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif. Ons het verteenwoordigers in baie lande, regoor die wêreld. Ons probeer heelhartig om die pad voor te berei vir die toekomstige Regering van God

**Verwittig ons asseblief
onmiddellik van enige
verandering in u posadres.**

aan die **einde** van 'n era. Ek bid dat u almal sal begin om “die visie na te streef” en waarlik **ywerig** sal wees in die soeke na God se wil en om Sy Werk te doen. Dit sal meer *betekenis* aan u lewe gee. Dit sal 'n *reuse stap vorentoe* wees om u voor te berei vir God se beskerming en seën en lidmaatskap te verkry in die Koninkryk en Gesin

van God, wat binnekort *op hierdie aarde* gevestig sal word.



Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
oor die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**